**KENNISGEWING VAN**
**SPESIALE ALGEMENE VERGADERING VAN AANDEELHOUERS VAN**
**OOS VRYSTAAT KAAP BEDRYF BEPERK**
**REGISTRASIE NOMMER 1999/004069/06**
**("DIE MAATSKAPPY" of "OVK")**

## A. KENNISGEWING

Kennis word hiermee gegee van 'n spesiale algemene vergadering van aandeelhouers van die Maatskappy ("Aandeelhouers") soos volg:

| | |
|---|---|
| DATUM: | 12 Desember 2016 |
| TYD: | 10h00 |
| PLEK: | OVK HOOFKANTOOR, LADYBRAND |

## B. AGTERGROND EN DOEL VAN DIE SPESIALE ALGEMENE VERGADERING VAN AANDEELHOUERS ("SPESIALE ALGEMENE VERGADERING"):

Die raad van direkteure van die Maatskappy ("Raad") en die raad van direkteure van OVK Beherend (Edms) Bpk ("OVK Beherend") het 'n potensiele transaksie geidentifiseer in terme waarvan die Maatskappy en OVK Beherend (gesamentlik, "OVK Groep") die aandele in NWK Beherend Beperk ("NWK Beherend") en sy filiaal, NWK Beperk ("NWK") (gesamentlik, "NWK Groep"), wil bekom, as 'n strategiese belegging wat die konsolidasie van twee komplimentêre agri-besighede tot gevolg sal hê.

Die Raad beoog dat die aankoop (die "Voorgestelde Transaksie") geimplementeer sal word deur middel van 'n algemene aanbod aan die aandeelhouers van NWK Beherend ("NWKB Aandeelhouers") en aandeelhouers van NWK ("NWK Aandeelhouers"), om –
- die totale uitgereikte gewone aandelekapitaal van NWK Beherend ("NWKB Aandele"); en
- die totale uitgereikte gewone aandelekapitaal van NWK, uitsluitende die gewone aandele wat reeds deur NWK Beherend ("NWK Aandele") besit word,

te bekom in ruil vir 'n kombinasie van kontant, OVK Beherend aandele en OVK aandele, onderhewig aan die terme en vervulling van die opskortende voorwaardes soos meer volledig beskryf in die vaste voorneme aankondiging uitgereik op 28 Oktober 2016, en beskikbaar op die Maatskappy se webwerf ("Vaste Voorneme Aankondiging"). Die Voorgestelde Transaksie kan ook by wyse van 'n skema geimplementeer word, sou die NWK Groep daartoe vatbaar wees.

Die aankoop van die NWKB Aandele op grond van die Voorgestelde Transaksie sal uitgeruil word vir 'n kombinasie van –
- 'n kontant betaling van R160 046 938.80 ("NWKB Kontantbedrag");
- die uitreik van 17 404 139 aandele in OVK Beherend ("OVK Beherend Aandele"); en
- die uitreik van 12 595 854 aandele in OVK ("OVK Aandele"), (gesamentlik, "OVK Aanbod").

Die NWKB Aandeelhouers sal dus vir die ruil van elke NWKB Aandeel, (i) R1.89 in kontant, (ii) 0.2055261 OVK Beherend Aandele en (iii) 0.1487449 OVK Aandele, op grond van die OVK Aanbod ontvang.

Die aankoop van die NWK Aandele is onderhewig aan die vervulling van die voorwaarde dat 'n minimum van 70% (of laer persentasie soos bepaal mag word deur die onderskeie OVK Rade) van die uitgereikte aandelekapitaal in NWK Beherend na die implementering

van die OVK Aanbod ("Minimum Aanvaardings Vlak") deur die NWKB Aandeelhouers aangebied moet word, in terme van die OVK Aanbod, aan die OVK Groep. Sodra die Minimum Aanvaardings Vlak bereik is, sal die OVK Groep die NWK Aandele aankoop vir 'n koopsom bestaande uit 'n kombinasie van –

- 'n kontant betaling van R315 492 201.64 ("NWK Kontant Bedrag"); en
- die uitreik van 5 000 001 aandele in OVK ("OVK Aandele") (gesamentlik, die "Vergelykbare Aanbod").

Die NWK Aandeelhouers, behalwe NWK Beherend, sal dus, vir die ruil van elke NWK Aandeel (i) R5.39 in kontant, en (ii) 0.0854221 OVK Aandele, op grond van die Vergelykbare Aanbod ontvang.

Verder, om sodoende die integrasie van die twee besighede van die OVK Groep en die NWK Groep te fasiliteer, beoog die Voorgestelde Transaksie die aanstelling van 6 direkteure, genomineer deur die NWK Groep, tot die nuwe vergrote rade van die Maatskappy en OVK Beherend.

**Die effek van die implementering van die Voorgestelde Transaksie op die OVK Groep is dat die OVK Groep se batewaarde per aandeel sal verhoog. U word spesifiek verwys na die Vaste Voorneme Aankondiging ten opsigte van die belangrikste terme van die Voorgestelde Transaksie, 'n kopie waarvan ook by die Maatskappy aangevra kan word.**

Die doel van die Spesiale Algemene Vergadering is, indien geskik, met of sonder wysigings, die besluite, met betrekking tot die implementering van die Voorgestelde Transaksie, te oorweeg en goed te keur, soos hieronder uiteengesit:

## C. SPESIALE BESLUITE

### SPESIALE BESLUIT 1: AANDELEKAPITAAL OMSKAKELING

As 'n spesiale besluit van die Aandeelhouers, onderhewig aan die vervulling van die voorwaardes vir die implementering van die OVK Aanbod en Vergelykbare Aanbod, of in die diskresie van die Raad vervul is, in ooreenstemming met die terme soos uiteengesit in die Vaste Voorneme Aankondiging, soos gewysig mag of kwytgeskeld word deur die Raad in sy diskresie, in ooreenstemming met die Maatskappywet ("Vervulling van die Voorwaardes"), word dit besluit dat, in terme van Klousule 7.5 van die memorandum van inkorporering van die Maatskappy ("Memorandum") en Regulasie 31(6) van die Maatskappywet Regulasies, die gemagtigde gewone aandelekapitaal van die Maatskappy ("Aandelekapitaal"), van R59 013 515 gewone pari waarde aandele teen R1 per aandeel omgeskakel word na 59 013 515 gewone sonder pari waarde aandele.

Dit is verder besluit dat die Memorandum gewysig moet word om so 'n Aandelekapitaal omskakeling aan te dui.

**Rede en Effek van Spesiale Besluit 1**

Die rede vir Spesiale Besluit 1 is om, in afwagting van die verhoging van die Aandelekapitaal beoog in Spesiale Besluit 2 hieronder, die gemagtigde en uitgereikde Aandelekapitaal om te skakel in sonder pari waarde aandele.

Die effek van Spesiale Besluit 1, indien goedgekeur deur die Aandeelhouers, is dat die gemagtigde en uitgereikde Aandelekapitaal omgeskakel sal word van gewone pari waarde aandele na gewone sonder pari waarde aandele.

## SPESIALE BESLUIT 2: VERHOGING VAN DIE GEMAGTIGDE AANDELEKAPITAAL

As 'n spesiale besluit van die Aandeelhouers, onderhewig aan die goedkeuring van Spesiale Besluit 1 en onderhewig aan die vervulling van die OVK Aanbod Voorwaardes, dat die gemagtigde Aandelekapitaal, soos uiteengesit in Spesiale Besluit 1, verhoog sal word, in ooreenstemming met Klousule 7.5 van die Memorandum en Artikel 36 van die Maatskappywet, met die byvoeg van 'n verdere 32 400 000 sonder pari waarde gewone aandele en dat die Memorandum gewysig sal word om so 'n verhoging aan te dui.

### Rede en Effek van Spesiale Besluit 2

Die rede vir Spesiale Besluit 2 is om die gemagtigde Aandelekapitaal te verhoog om 'n verdere 32 400 000 gewone sonder pari waarde aandele te skep, om voorsiening te maak vir die uitreik van addisionele aandele aan NWK Groep aandeelhouers en OVK Beherend, op grond van die implementering van die OVK Aanbod en die Vergelykbare Aanbod in ooreenstemming met hul terme.

Die effek van Spesiale Besluit 2 is dat die gemagtigde Aandelekapitaal verhoog sal word vanaf 59 013 515 tot 91 413 515 gewone sonder pari waarde aandele.

## SPESIALE BESLUIT 3: MAGTIGING OM AANDELE UIT TE REIK

As 'n Spesiale Besluit van die Aandeelhouers, onderhewig aan die goedkeuring en indiening van Spesiale Besluit 1 en Spesiale Besluit 2 en onderhewig aan die Vervulling van die OVK Aanbod Voorwaardes, in ooreenstemming met Artikel 41(3) van die Maatskappywet, dat die Maatskappy gemagtig is om OVK Aandele uit te reik vir die implimentering van die OVK Aanbod en Vergelykbare Aanbod.

### Rede en Effek van Spesiale Besluit 3

Die rede en effek van Spesiale Besluit 3 is om die uitreik van OVK Aandele vir die implementering van die OVK Aanbod en die Vergelykbare Aanbod goed te keur nieteenstaande dat die stemreg van die klas/tipe, wat uitgereik word, meer as 30% van die stemreg van alle aandele besit deur Aandeelhouers, onmiddellik voor implementering van die OVK Aanbod en die Vergelykbare Aanbod, uitmaak.

Die effek van Spesiale Besluit 3 sal wees om goedkeuring te verkry vir die uitreiking van die OVK Aandele vir die implementering van die OVK Aanbod en die Vergelykbare Aanbod.

## SPESIALE BESLUIT 4: VERHOGING VAN DIE MAKSIMUM AANTAL DIREKTEURE

As 'n Spesiale Besluit van die Aandeelhouers, onderhewig aan die Vervulling van die OVK Aanbod Voorwaardes, dat die maksimum aantal direkteure van die Maatskappy verhoog word vanaf 17 to 18 en dat die terme van Klousule 25.1 van die Memorandum gewysig word om so 'n verhoging aan te dui.

**Rede en Effek van Spesiale Besluit 4**

Die rede vir Spesiale Besluit 4 is om die aantal direkteure op die Raad te verhoog vanaf 12 tot 18, sodat die Raad, 6 direkteure genomineer deur die NWK Groep, kan inkorporeer in ooreenstemming met die terme van die OVK Aanbod en Vergelykbare Aanbod soos uiteengesit in die Vaste Voorneme Aankondiging (soos gewysig mag word deur die Raad in sy diskresie in ooreenstemming met die Maatskappywet).

Die effek van Spesiale Besluit 4 is om die Raad in staat te stel om 6 direkteure, genomineer deur die NWK Groep, aan te stel tot die Raad.

**SPESIALE BESLUIT 5: AANSTELLING VAN NWK GROEP DIREKTEURE EN VERWANTE SAKE**

As 'n Spesiale Besluit van die Aandeelhouers, onderhewig aan die goedkeuring van Spesiale Besluit 4 en onderhewig aan die Vervulling van die OVK Aanbod Voorwaardes, dat die Raad gemagtig sal wees om 6 direkteure soos genomineer deur die NWK Groep aan te stel volgens die implementering van die OVK Aanbod.

**Rede en Effek van Spesiale Besluit 5**

Die rede van Spesiale Besluit 5 is om die Raad te bemagtig vir die aanstelling van 6 direkteure soos genomineer deur die NWK Groep in ooreenstemming met die OVK Aanbod en die Vergelykbare Aanbod.

Die effek van Spesiale Besluit 5 is om die Raad te bemagtig om die Raad se samestelling te verhoog in ooreenstemming met die OVK Aanbod en die Vergelykbare Aanbod.

D. **REKORDDATUM**

Die rekorddatum is die datum waarop daardie Aandeelhouers van die Maatskappy wat geregtig is om kennis te ontvang, deel te neem aan en te stem op die Spesiale Aandeelhoudersvergadering, bepaal word. Ingevolge Klousule 18.3, saamgelees met Klousule 19.8 van die Akte van Oprigting van die Maatskappy is die rekorddatum, 21 November 2016.

E. **BYWONING IN PERSOON OF BY WYSE VAN VOLMAG**

- 'n Aandeelhouer kan die vergadering in persoon bywoon; of

- deur 'n ander persoon aangewys by wyse van 'n skriftelike volmag. Indien die Aandeelhouer verkies om by wyse van 'n gevolmagtigde verteenwoordig te word, moet die aangehegde vorm (Bylaag 1) voltooi word ("Volmag"). Die voltooide volmag moet aan die Maatskappy of aan die Maatskappy Sekretaris terugbesorg word, te die Maatskappy se geregistreerde adres, ten minste 48 (agt en veertig) uur voor die aanvang van die vergadering. Die Gevolmagtigde hoef nie 'n Aandeelhouer van die Maatskappy te wees nie, maar moet 'n natuurlike persoon wees.

F. **IDENTIFIKASIE**

Artikel 63(1) van die Maatskappywet vereis dat enige persoon wat van voorneme is om deel te neem aan 'n Aandeelhouersvergadering, op versoek van die Voorsitter van die Spesiale Aandeelhouersvergadering, in staat te wees om bevredigende identifikasie te

verskaf tot die tevredenheid van die Voorsitter, van sy reg om deel te neem en te stem as Aandeelhouer of Gevolmagtigde.

G. **ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE**

Hiermee word u in kennis gestel dat, ingevolge Klousule 20 van die Maatskappy se Akte van Oprigting, Aandeelhouers deur middel van elektroniese kommunikasie aan die Spesiale Aandeelhouersvergadering kan deelneem. Toegang tot elektroniese kommunikasie sal vir die koste van die Aandeelhouer wees en sal slegs beskikbaar gestel word indien die Aandeelhouer minstens 48 (agt en veertig) uur voor die vergadering skriftelik 'n versoek aan die Maatskappy Sekretaris tot dien effekte rig.

H. **STEMREGTE**

Vir 'n spesiale besluit om goedgekeur te word deur die Maatskappy se Aandeelhouers, is dit nodig dat so 'n besluit, ondersteun word deur ten minste 75% (vyf en sewentig persent) van die stemregte uitgebring by die Spesiale Aandeelhouersvergadering ten opsigte van die betrokke besluit en ingeval van 'n wysiging tot die Memorandum van Inkorporasie, 'n buitegewone kworum vereiste vir bywoning by die aandeelhouersvergadering waar daar ten minste 75% van die uitgereikte aandeelhouding teenwoordig moet wees.

Vir 'n gewone besluit om goedgekeur te word deur die Maatskappy se Aandeelhouers, is dit nodig dat so 'n besluit ondersteun word deur meer as 50% (vyftig persent) van die stemregte uitgebring by die Spesiale Aandeelhouersvergadering ten opsigte van die betrokke besluit.

I. **TEENSTEMMENDE AANDEELHOUERS SE WAARDASIEREGTE**

Ingevolge Artikel 164 van die Maatskappywet mag 'n Aandeelhouer op enige stadium voor die Spesiale Aandeelhouersvergadering daaroor stem, skriftelik beswaar maak teen Spesiale Besluit 1 tot 3 soos uiteengesit in hierdie kennisgewing.

Binne 10 (tien) besigheidsdae nadat die Maatskappy Spesiale Besluit 1 tot 3 goedgekeur het, moet die Maatskappy 'n kennisgewing stuur en bevestig dat Spesiale Besluit 1 tot 3 goedgekeur is, aan elke Aandeelhouer wat:
- 'n skriftelike kennisgewing van beswaar by die maatskappy ingedien het; en
- nie daardie kennisgewing onttrek het nie; en
- ook nie ten gunste van die besluit gestem het nie.

Aandeelhouers wat 'n skriftelike kennisgewing ingevolge Artikel 164 van die Maatskappywet aan die Maatskappy gestuur het en wat beswaar gemaak het teen Spesiale Besluit 1 en/of 2, die beswaar nie onttrek het nie en daarteen gestem het, sowel as aan die prosedurele vereistes van artikel 164 voldoen het, sal geregtig wees, om binne 20 besigheidsdae na ontvangs van die kennisgewing dat Spesiale Besluit 1 tot 3 aangeneem is, te versoek dat die Maatskappy aan daardie aandeelhouer die billike waarde moet betaal vir al die aandele van die maatskappy wat daardie persoon besit.

**In Opdrag van die Raad**

**DATUM: 21 NOVEMBER 2016**

**DP DU PLESSIS**
**MAATSKAPPY SEKRETARIS**
**Telefoon : 051 923 4516**
**Faks: 051 923 4513**
**E-pos: dirkdp@ovk.co.za**

BYLAE 1

## VOLMAG

## OOS VRYSTAAT KAAP BEDRYF BEPERK

Ek/Ons_______________________________________________________________

van _______________________________ (adres) lidnommer ______________

'n aandeelhouer van Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk ("die Maatskappy") stel hiermee aan:

_________________________ of indien sy/hy nie beskikbaar is nie___________________________

of indien sy/hy nie beskikbaar is nie, die voorsitter van die Spesiale Algemene Vergadering as my gevolmagtigde om op te tree namens en behoewe van my op die Spesiale Algemene Vergadering op **12 DESEMBER 2016** te OVK Hoofkantoor, Ladybrand of enige verdaging van die vergadering om namens my te stem soos volg met betrekking tot die besluite onder oorweging op die vergadering.

| | **TEN GUNSTE** | **TEEN** | **BUITE STEMMING** |
|---|---|---|---|
| Spesiale Besluit 1<br>Omskakeling van Aandelekapitaal | | | |
| Spesiale Besluit 2<br>Verhoging van die gemagtigde Aandelekapitaal | | | |
| Spesiale Besluit 3<br>Magtiging om aandele uit te reik | | | |
| Spesiale Besluit 4<br>Verhoging van die maksimum aantal direkteure | | | |
| Spesiale Besluit 5<br>Aanstelling van NWK Groep direkteure | | | |

Indien anders as bo opdrag gegee, kan my gevolmagtigde stem soos sy/hy goeddink.

Geteken op hierdie _____________________ dag van ______________________2016.

______________________________

**HANDTEKENING**

- Volmagvorms, moet minstens 48 (agt en veertig) uur voor die aanvang van die vergadering ingedien word by die Maatskappy Sekretaris.

- 'n Aandeelhouer wat geregtig is om deel te neem aan, en te praat op en te stem by 'n vergadering, mag 'n gevolmagtigde aanstel om in sy haar plek stem, sodanige gevolmagtigde hoef nie 'n aandeelhouer van die Maatskappy te wees nie, maar moet 'n natuurlike persoon wees.